Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

20 Maart 2026 Uitgawe: 10/1/2026

# UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van die eerste kwartaal. Dit was voorwaar weereens 'n baie besige en vol kwartaal.

Dit verg baie om 'n skoolprogram met 1 000 kinders en hul ouers te bestuur met insette van verskeie rolspelers. My opregte dank aan almal.

Net die laaste paar sake voor die skool sluit:

**Rapporte:**

Die rapporte van die **GSF-leerders** sal Donderdag, 26 Maart aan die leerders gegee word. Let asb. daarop dat die rapporte van die senior leerders soos in die verlede, eers na die vakansie uitgegee sal word.

**Atletiek, tweekamp en ander toernooie:**

Daar is heelwat van ons leerders wat vanaf Dinsdag, 24 Maart aan rugby- en netbaltoernooie deelneem. Die o/11A – o/13A Netbalspanne neem ook in die vakansie deel aan 'n Netbaltoernooi te Menlopark, Pretoria terwyl die o/13A en o/13B rugbyspanne na Klerksdorp vertrek vir hul toernooi. Baie sterkte aan elke speler en afrigter.

Ons hou duime vas vir ons twee SA Atletiekdeelnemers, Leah Steyn en Germari Janse van Rensburg, wat vandag tot Saterdag in Groenpunt, Kaapstad vir Tjokkies gaan verteenwoordig.

Ons wens ook ons drie Tweekamp-atlete, Janré Slabbert, Ludwig Nieman en EJ van Niekerk, sterkte toe met hul deelname aan die SA Tweekamp Kampioenskappe.

**Ligte vertoning:**

Baie dankie aan elke ouer wat deelgeneem het aan die opname vir die ligtevertoning.

Die belangstelling is van so aard dat ons besluit het om met die vertoning voort te gaan. Dit sal plaasvind op Donderdag, 9 April. Toegang vir die geleentheid beloop R40 p/persoon en is op Karri betaalbaar. Karri vir dié geleentheid sal Maandag, 23 Maart open. Koop asb. vroegtydig jou kaartjie en ondersteun asb. hierdie nuwe inisiatief vir 'n fondsinsameling.

***Skoolprogram***

***Ouers moet daarop let dat die akademiese skoolprogram gevolg sal word tot Dinsdag, 24 Maart. Vanaf Woensdag, 25 Maart sal daar geen akademiese onderrig plaasvind nie, weens die feit dat baie leerders en personeel betrokke is by sporttoernooie soos vroeër genoem. Daar sal wel toesig wees vir die res van die leerders. Geen assessering sal in hierdie week plaasvind nie. Op Vrydag, 27 Maart sal die skool om 10:00 sluit.***

# ANDER

**Personeel:**

Graag bedank ek vir juffroue Himke Steenkamp (Gr. 1) en Yolandé Geldenhuys (Gr. 2) wat hierdie kwartaal vir ons kom aflos het by die grondslagfase en in personeel wat met kraamverlof was, se plek. Ons wens hulle alle voorspoed toe met die volgende fase van hul lewe.


Baie geluk aan mnr. Antonie Botha wat Saterdag in die huwelik tree. Ons bid hom en sy vrou, Hymne, alle voorspoed toe vir die toekoms.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 20 Mrt.: | SA Atletiek te Groenpunt Kaapstad |
| 21 Mrt.: | Baby Tjoklits Gr. R Sportdag (Menseregtedag) |
| 24 Mrt.: | Netbal: o/8 & o/9 Itec-toernooi |
| | Rugby: o/9 Itec-toernooi |
| 25-27 Mrt.: | Netbal: o/10 – o/13 Itec-toernooi |
| | Rugby: o/11 A/B Itec-toernooi |
| 26-28 Mrt.: | Rugby: o/13 A/B Klerksdorp-toernooi |
| 1-4 April: | Netbal: o/11-o/13 Menlo-toernooi |

# VERJAARSDAE

8 April: Juf. Lize-Marie Oosthuizen (Gr. 3)



## MAMMAS WAT BID

***"Teamwork makes the dream work!"***

Spanwerk is soos 'n "puzzle". Elkeen moet sy deel bring om die groter prentjie te vorm, wat voordeel vir almal inhou.

Elke "puzzle"-stukkie is belangrik en vervul 'n unieke rol.

Spanwerk vra 'n oop hand.

Niemand kan saamwerk, dien of gee met 'n toe hand nie. Wanneer jy saamwerk met 'n oop hand (ongeag wat die ander "puzzle"-stukkies tafel toe bring), is jou hand ook oop om van God te ontvang. Saamwerk met oop hande hou voordeel vir jou en ander in.

Twee is beter as een. Saam bereik hulle meer in hulle werk.

(Prediker 4:9 NLV)

## SNUFFELS




'n Schink Stories vertoning vir kinders
GEORGIE SE RADIO
Geskryf deur Martin Schwella Verwerk vir die verhoog deur C W Laten
28 MAART 2026
09H00 & 11H00
BY DOXA DEO BLOEMFONTEIN SUID
KAARTJIES R 50
SCHINK STORIES
www.schink.co.za
Kaartjies beskikbaar op
web tickets


JUMP FOR JESUS
TEN BATE VAN ENGO-JEUGSORGSENTRUMS
APRIL
10
16:00- 19:00
Kaartjies: R90
-QUICKET
LIVE PRAISE & WORSHIP
KOSSTALLETJIES
SPRINGKASTELE (INFLATABLES)
BY LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN
NAVRAE: KERKKANTOOR
Engo
KRUIS
KIDZ